higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4

(4010154)

4 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

220Q1J2104

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (36 minute)

Gebruik die volgende inligting en voltooi die loonjoernaal van Tjoppies Supermark vir die week geëindig 28 Julie 2020.

OPMERKING: Rond alle berekeninge tot die naaste rand af. Moenie die loonjoernaal afsluit nie.

Inligting:

- Die gewone ure is 40 uur per week van vyf dae: Maandag tot Donderdag 8,5 uur per dag en 6 uur op Vrydag.
- Bella het op Maandag 9,5 uur gewerk, 10,5 uur op Dinsdag, 12,5 uur op Woensdag, 8,5 uur op Donderdag en op Vrydag het sy, met die bestuurder se toestemming, 'n werkswinkel bygewoon (R20 per uur gewone tyd en R30 per uur vir oortyd).
- Kari het Maandag 8,5 uur gewerk, 11,5 uur op Dinsdag, 13,5 uur op Woensdag, 8,5 uur op Donderdag en het Vrydag, met die bestuurder se toestemming, 'n konferensie bygewoon (R16 per uur gewone tyd en R24 per uur oortyd).

Aftrekkings

Werknemers	**Afhanklikes**	**Mediese fonds**	**Pensioen-fonds**	**LBS**	**WVF**
Bella Kari	3 4	R68 vir die lid en R34 vir elke afhanklike	7,5% van gewone loon	25% of van bruto loon nadat pensioen oorweeg is	1% van gewone loon

Werkgewersbydrae

- Pensioenfonds: 50% van die werknemers se bydrae
- WVF: R8,75 vir elke R6,45 wat deur die werknemer bygedra is **[42]**

VRAAG 2 (34 minute)

Die volgende inligting verskyn in die boeke van Tjoppies Supermark:

Die bankrekening het op 1 Julie 2020 'n debietsaldo van R96 845 getoon.

'n Vergelyking van die bankstaat met die kontantontvangste en betalings het op 31 Julie 2020 die volgende verskille getoon:

(a) Die bankstaat van UPK Bank het 'n ongunstige saldo van R163 897 getoon.

(b) Die volgende tjeks is op 31 Julie 2020 nog nie vir betaling aangebied nie:

Nr. AA23	R34 000
Nr. AA24	R46 000
Nr. AA25	R65 430

(c) Tjek nr. AA42 vir die bedrag van R91 400, aan Passau handelaars as betaling van die rekening, moet gekanselleer word. Die tjek het in die pos verlore geraak.

(d) Fenelle het haar rekening vereffen deur R45 000 direk in die lopende rekening van Tjoppies Supermark te deponeer.

(e) 'n Kredietinskrywing van R23 500 op 9 Julie was ten opsigte van 'n deposito wat Tjoppies Bakkery in hul rekening gemaak het, maar dit het in Tjoppies Supermark se bankrekening vertoon.

(f) Tjoppies Supermark se lopende rekening is nog nie met 'n deposito van R139 607 wat op 31 Julie 2020 gemaak is, gekrediteer nie.

(g) Carlos se tjek van R29 900 as betaling van sy rekening is as 'Verwys na trekker: onvoldoende fondse' deur die bank teruggestuur.

(h) 'n Tjek ter waarde van R128 300, wat deur die hoofkantoor uit hul lopende rekening onttrek is, verskyn op die besigheidsbankstaat.

(i) Die bankstaat toon 'n maandelikse stoporder van R11 000 ten gunste van TRC om vir die eienaar se alarmstelsel te betaal.

(j) Die bankstaat toon 'n debietorder van R96 585 ten gunste van OUTsurance as betaling vir versekering, asook bankkoste van R58 400.

(k) Tjek nr. AA46 vir R17 930 is verkeerdelik twee keer op die bankstaat gedebiteer.

(l) Tjek nr. AA43 is verkeerdelik in die kontantbetalingsjoernaal as R7 290 in plaas van R9 720 ingeskryf. Die tjek is vir 'n skootrekenaar aan Cell C uitgereik.

Kopiereg voorbehou

2.1 Doen die aanvullende inskrywings in die kontantontvangstejoernaal van Tjoppies Supermark. (8)

2.2 Doen die aanvullende inskrywings in die kontantbetalingsjoernale van Tjoppies Supermark. (15)

2.3 Sluit die joernale op 31 Julie 2020 af en pos na die bankrekening in die algemene grootboek. Balanseer die bankrekening. (5)

2.4 Stel op 31 Julie 2020 'n bankrekonsiliasiestaat op om die saldo van die bankrekening met die bankstaat te rekonsilieer. Tjoppies Supermark gebruik UPK Bank. (9)

[37]

VRAAG 3 (65 minute)

Die volgende transaksies verskyn in die boeke van Tjoppies Supermark tydens Julie 2020.

1. 'n Bedrag van R9 790 is as voorskot aan die hoofkassier gegee. Tjek nr. 900 is uitgereik.

2. Kommissie van R5 100 is van Credo ontvang vir koekmeel wat verkoop is. Kwitansie nr. 400.

3. Nuwe rakke vir die onderneming aangekoop by Fieri Ontwerpe teen R98 000. Tjek nr. 913 is uitgereik.

4. Het potlode, penne en liniale vir Tjoppie se kinders by CNA gekoop, R112. Kleinkasbewysstuk nr. A1.

5. Die eienaar, Tjoppie, het 'n bedrag van R249 600 as sy kapitaalbydrae in die onderneming se bankrekening gedeponeer. Kwitansie nr. 401.

6. Het 50 kaste 1 kg handewasseep by Markell Bpk. aangekoop teen R2 150 per kas. Tjek nr. 913 is uitgereik.

7. Salaris van die assistentbestuurder, Mnr. Krisel, betaal, R32 720. Tjek nr. 903.

8. R425 aan Dulux betaal om die eienaar se deure te verf. Kleinkasbewysstuk nr. A2.

9. Nuwe afleweringsvoertuig by Dassin Motors aangekoop. Tjek nr. 904.

10. R740 vir kleinkas onttrek. Tjek nr. 905.

11. R108 aan PostNet betaal om 'n pakkie te versend. Kleinkasbewysstuk nr. A3.

12. Kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol, R81 300.

13. Ontvang handelsvoorraad ter waarde van R200 000 van Bela Belay Bpk. Tjek 906.

Kopiereg voorbehou

14. Kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol, R245 800.

15. Goedere ontvang van Holman Handelaars vir R260 500. Tjek 907.

16. Die eienaar, Tjoppie, het besluit om sy kapitaal met 25% te vermeerder op die bedrag wat op 5 Julie gedeponeer is. Kwitansie nr. 402.

17. 'n Bedrag van R650 is aan die hoofkassier gegee. Tjek nr. 908 is uitgereik.

18. 'n Donasie van R520 is aan die Mandela-gemeenskap gemaak. Kleinkasbewysstuk nr. A4.

19. Kontantverkope volgens die totaal van die kasregisterrol, R148 150.

20. Die eienaar het vir sy seun 'n nuwe PlayStation 5 by Dion gekoop, R7 900. Tjek nr. 909.

21. 300 blikkies koeldrank by Coca-Cola gekoop teen R7,85 elk. Tjek nr. 910.

22. Trek tjek nr. 911 vir kaskontant, R2 000.

23. 'n Bankstaat van Standard Bank ontvang wat rente-inkomste van R305 toon. Kwitansie nr. 403.

24. Petrol by Engen aangekoop, R3 450. Tjek nr. 912.

25. Kleinkasbewysstuk nr. A5 was nodig vir die vervanging van die eienaar se huissleutels, R235.

26. Seëls vir R120 vir die eienaar self gekoop, kleinkasbewysstuk nr. A6.

27. Rente van R123 aan Standard Bank betaal. Tjek nr. 913 is uitgereik.

29. 'n Direkte deposito van R515 is deur Despina Bpk., 'n debiteur, vir die vereffening van haar uitstaande saldo gemaak. Kwitansie nr. 404.

30. Die kleinkashouer het 'n bedrag van die hoofkassier ontvang om die voorskot reg te stel. Tjek nr. 914.

Bykomende inligting:

Geld word daagliks gedeponeer. Die eienaar het besluit om die voorskotstelsel te gebruik.

3.1 Skryf die transaksies in die kontantontvangstejoernaal in. (24)

3.2 Skryf die transaksies in die kontantbetalingsjoernaal in. (28)

3.3 Skryf die transaksies in die kleinkasjoernaal in. (12)

3.4 Sluit die kleinkasjoernaal aan die einde van Julie 2020 af en pos na die algemene-grootboekrekening (7)

[71]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4 (45 minute)

Die volgende proefbalans verskyn in die boeke van Tjoppies Supermark op 31 Julie 2020:

PROEFBALANS VAN TJOPPIES SUPERMARK OP 31 JULIE 2020

BALANSSTAATAFDELING	DEBIET	KREDIET
Kapitaal		2 400 000
Trekkings	90 500	
Grond en geboue	655 000	
Toerusting	791 000	
Voertuie	360 800	
Handelsvoorraad (1 Augustus 2019)	75 000	
Debiteurekontrole	46 000	
Bank		80 000
Kleinkas	1 130	
Kaskontant	990	
Krediteurekontrole		52 000
Lening: UPK Bank (19%)		90 000
NOMINALE-REKENINGAFDELING		
Verkope		885 000
Aankope	690 000	
Vervoerkoste op verkope	13 490	
Vervoerkoste op aankope	19 000	
Invoerbelasting	16 110	
Lone en salarisse	825 000	
Rente-inkomste		40 000
Rente ontvang		30 000
Kommissie ontvang		27 000
Donasie	5 270	
Lisensies	5 700	
Rente betaal	3 200	
Posgeld	3 750	
Versekering	2 060	
	3 604 000	**3 604 000**

Bykomende inligting:

Na 'n fisiese voorraadopname op 31 Julie 2020 is die handelsware teen R175 100 gewaardeer.

4.1 Stel die inkomstestaat van Tjoppies Supermark op 31 Julie 2020 op. (23)

4.2 Stel die balansstaat op vir die jaar geëindig 31 Julie 2020. Slegs die ekwiteit- en laste-afdelings word vereis. (9)

4.3 Toon al die notas tot die balansstaat. (18)
[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou